

# Vergiftnis

Vergifnis

Kom ons skop af met 'n vraag of twee en 'n betekenis en dan kan ons oorgaan 'hoe werk vergifnis' nou eintlik.

As ek bid en vra vir vergifnis gaan my gebed direk na VADER ? Moet ek eers regmaak voor dat ek na VADER mag gaan ? As ek vergifnis vra teenoor die een wat ek oortree het, en hy weier om my te vergewe, wat staan my nou te doen ? Wanneer en hoeveel maal moet 'n mens vergewe ? Sluit vergiffenis alle volke in ? Wat beteken vergifnis ?

Vergifnis tree in wanneer jou mede broer of suster jou oortreding teenoor hom of haar gee (*Niet teenoor ander volke nie, maar jou broer in Abraham, Isak en Jakob*). Die woord vergewing opgebreek begin in 'ver' wat 'n voor-gevoegde woord is. 'Ver' of vêr stel dit duidelik dat iets verder of verwyder mag word. Dit beteken ook dat daar verandering mag plaasvind of oor kan gaan na 'n volgende besluit. Vergee "gee" wat die volgende verlenging van die woord is, is wanneer daar 'n verkeerde daad plaasgevind het (*of nie*) bedoelende 'n fout gemaak was. Om te Vergeef of vergewe is wanneer jy dit gee (*as die tweede party*) vir die een wat teenoor jou oortree het. Nou tree "vergifnis" in wat jy as leidende party skenk aan die oortreder. Jy kan hom ook slegs oorsien as hy werklik berou het anders sal dit te'vergeefs of nutteloos wees om hom te'verwewe, want in vergewing lê "lering" vir beide partye (*Daar moet dus vrug in vergewing wees*). Daar moet diepe-berou in hom wees en 'n smeking dat hy dit nooit weer sal doen nie. M.a.w. dat hy as 'n beter mens daarvandaan sal stap en bevoorreg is om vergewe te kon word. Vergeef is gekoppel aan 'vergeet'. Die een wat die vergiffenis skenk moet kan 'vergeet'. Ek weet ons as mens is dit 'n moeilike een, maar dit is die bron van groei in die geestelike realm en daarom is die 'n lering.

In kort oor vergifnis teenoor jou medemens (Yashar'EL). As jou broer by jou kom steel het of valslik teen jou gespreek het en hy kom na jou om vergifnis smee, moet jy hom vergewe (Matt.6:14,15; 18:21,22,35), maar indien hy nie na jou kom om vergewe te word nie mag jy hom nie vergewe nie. Jy as die lydende mag hom nie vergewe nie. Sulke gevalle lê voor VADER tot oordeel van die oortreder. Ons het geen outoriteit om te kan vergewe as dit nie YAHUSHA behaag nie. Ons is te klein en nietig om te oordeel en besluite te neem wat in VADER se hand lê.

YAHUSHA die Seun van VADER het die outoriteit by HOM ontvang om namens VADER te mag vergewe. *Joh. 10:18 ..... Hierdie gebod het Ek van My VADER ontvang*. Die outoriteit word ook mooi uitgewys in: *Matt.9:5 Want wat is makliker, om te sê: Die sondes wetsoortreding is jou vergewe! of om te sê: Staan op en loop?* YAHUSHA het dus die mag en krag ontvang van VADER. Lees gerus: Matt.9:6; Mark.2:5,9; Luk.5:20,24; 7:47,48 oor die saak.

'n Vers of twee uit die Skrif oor 'vergewing'.

'n Fariseër en 'n tollenaar in gebed: *Luk 18:13 En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God VADER, wees my, sonder wetsoortreder genadig goedgunstig!*

Stéfanus in gebed: *Hand.7:55 Maar hy was vol van die Heilige Reine Gees en het die oë na die hemel gehou en die heerlikheid lofwaardigheid van God VADER gesien en Jesus YAHUSHA wat staan aan die regterhand van God VADER.*

Hier is 'n vers of twee wanneer vergewing plaas kan vind:

*Lev 5:5 as hy dan aan een van hierdie dinge skuldig is, moet hy bely waar hy teen gesondig oortree het, 1 Kon. 8:33 As U volk Israel Yashar'EL verslaan word voor 'n vyand, omdat hulle teen U gesondig oortree het, en hulle hul tot U bekeer en U Naam bely en tot U bid en smee in hierdie huis, (2 Kron. 6:24) Ps. 32:5 My sonde oortredinge het ek U bekend gemaak, en my ongeregtheid het ek nie bedek nie. Ek het gesê: Ek wil aan die HERE YAH my oortredinge bely; en U het die ongeregtheid van my sonde oortredinge vergewe. Sela. Ps. 38:1 Ja, my ongeregtheid bely ek, ek is bekommerd oor my sonde wets-oortredinge. Spr. 28:13 Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind. Matt. 10:32 Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My VADER wat in die hemele is. Jak. 5:16 Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag. 1 Joh 1:9 As ons, ons sondes oortredinge bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes oortredinge te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig.*

*Mark. 1:5 En die hele Joodse land van Judea en die inwoners van Jerusalem het uitgegaan na hom toe, en almal is deur hom gedoop in die Jordaan rivier met belydenis van hulle sondes oortredinge. Dan. 9:4 En ek het tot die HERE YAH my God Skepper gebid en belydenis gedoen en gesê: Ag, Here YAH, grote en gedugte God Skepper, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en SY geboorte onderhou,*

Kom ons gaan oor na hoe werk vergewing uit die Skrifte:

Toe YAHUSHA tussen die volk beweeg het, het Hy voortdurend nadat Hy aan die oortreders, siekes, gebreklikes en so ook vir die wat Hy duiwels uitgedrywe het gesê: "jou oortredinge is vir jou vergewe", Hy sê nie ' Ek vergewe jou, jou oortredinge nie', maar dat dit vir hom vergewe is. Ook sê YAHUSHA dat die oortreder dit nie weer moet doen nie. Ons sien dus dat al die behoefdiges na YAHUSHA gekom het en dat Hy hulle help. Dit kan ook in die lig gesien word dat die een wat met die oortreding gesit het die oortreding aan YAHUSHA oorgee het. YAHUSHA neem ook slegs van die wat werklik berou het oor hulle oortredinge.

In Joh 5:6 staan: *Toe ~~J\*sus~~ YAHUSHA hom sien lê, terwyl Hy geweet het dat hy al 'n lang tyd siek was, sê Hy vir hom: Wil jy gesond word? As jy "ja" gesê het dan wil jy as 'n beter mens daarvandaan weg stap, m.a.w. as 'n verantwoordelike wat nie weer mag oortree nie.*

Luister nou mooi die pad wat gestap moet word na die ewige deur vergewing. Met enige behoefte of oortredinge moet jy na YAHUSHA gaan. Hy is die beginpunt van enige saak op aarde. Lees die verse uit die Skrif: *Matt 11:28 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.*

*Joh 6:37 Al wat die VADER My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Joh. 14:6 ~~J\*sus~~ YAHUSHA antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die VADER behalwe deur My nie.*

Jy moet na YAHUSHA gaan en die saak met Hom uitmaak: *Jes. 1:18 Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê ~~die HERE~~ YAH: al was julle ~~sondes~~ oortredinge soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol. Jy "kan en mag" nie somer na die VADER gaan om te smek vir vergifnis nie, want geeneen mag voor VADER verskyn en bly lewe nie (*al is dit 'n ope gebed*). Daar moet 'n Middelaar wees tussen VADER en ons as oortreders. Indien ons reguit met VADER wil praat moet YAHUSHA teenwoordig wees. Kom ons kyk wat Johannes vir ons deurgee: *1 Joh 2:2 En Hy is 'n versoening vir ons ~~sondes~~ oortredinge, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld. 1 Joh 4:10 Hierin is die liefde: nie dat ons ~~God~~ VADER liefgehad het nie, maar dat Hy ons liefgehad het en SY Seun gestuur het as 'n versoening vir ons ~~sondes~~ oortredinge.* Duidelik kan versoening net intree deur YAHUSHA die Seun van VADER.*

Om vergeef te kan word deur VADER is deur YAHUSHA. (*Joh 16:26 In daardie dag sal julle in My Naam bid;*) VADER het orde daar gestel en daarvolgens sal reg en geregtigheid geskiet. Ons kan tot VADER bid deur YAHUSHA SY Seun vir ons oortredinge. Bespreek eers met YAHUSHA die oortreding (*Wat jou weghou van VADER*) sodat Hy jou kan verteenwoordig voor VADER. Wanneer ongeregtigheid begin manifesteer rondom ons dan moet ons na YAHUSHA gaan en pleit vir vergifnis van weet en onwetende oortredinge. YAHUSHA sal jou aansien en die oortreding aanskou en jou berispe en so ook vir jou sê dat jy dit nie weer moet doen nie.

Nou kan jy vra maar hoe doen 'n mens dit of hoe kan dit wees ? Eerstens is dit net vir die uitverkore. Tweedens is dit vir die wat glo en verstaan dat daar 'n VADER en 'n Seun is met die Naam YAHUSHA.

Hier is my beskeie verduideliking hoe jy te werk moet gaan: Ons is almal deur swakheid oortreders en staan altyd skuldig voor VADER, Ons verdien die dood weens ons oortredinge. VADER wou kort, kort die volk uitroei waarvan YAHUSHA intree en pleit vir ons bestaan.

'n Kort gelykenis oor die saak.

*Luk 13:6...: 'n Man(VADER) het 'n vyeboom(jou as leser) gehad wat in sy wingerd(tussen SY uitverkore volk) geplant was, en hy het gekom en vrugte(wysheid, liefde, deugsamheid, ens) daaraan gesoek en niks gekry nie. Luk 13:7 Toe sê hy vir die tuinier: Kyk, drie jaar(3 kanse, 3 keer, 3 maal ) kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks(net boosheid, halsstarrigheid) nie; kap hom uit(raak ontslae, maak hom dood, werp hom weg). Waarvoor maak hy die grond(sy medemens, sy broer) nog onvrugbaar? Luk 13:8 Maar hy (YAHUSHA) antwoord en sê(pleit)vir hom(VADER): Meneer, laat hom nog hierdie jaar(vergewe hom nog die keer) staan totdat ek om hom gespit(leer, berispe) en mis(bemoedig) gegooi het. Luk 13:9 As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom ander jaar uitkap.*

In die môre, as jy opstaan, groet VADER (met die wete dat YAH langs VADER sit) en pleit die hand van SY Seun 'YAHUSHA'(Open.3:8. Besef dat YAHUSHA dié deur / toegang vir jou is tot VADER). Laasnaag voordat jy gaan slaap het, het jy gebed en VADER om vergifnis gepleit en dankie gesê vir bewaring. Nou met die nuwe môre in oggend-gebed vra jy dat VADER jou sal bewaar teen Ha satans mag.

As dit VADER behaag sal HY weer toelaat dat SY Seun 'YAHUSHA' met jou mag wandel (Met Sy boodskappers) en jou bewaar teen die duistere.

Gedurende die dag se wandeling oortree jy of onthou jy van oortredinge. Wat jy dan moet doen is om 'n geleentheid te soek om verskoning (vergifnis) te smee by YAHUSHA. Dit hoef nie 'n formele gebed te wees nie, want YAHUSHA is met jou gedurende die dag (soos VADER). Dus kan jy net begin gesels met Hom oor die saak.

Jy kan eers begin kommunikeer met YAHUSHA om te vra: Wat staan dit jou te doen oor die oortreding en hoekom het dit gebeur? Vra YAHUSHA wat om te doen om uit die penarie uit te kom (Ha satan is lustig en val jou daaglik aan om YAHUSHA as 'n miete daar te stel).

Jy sal agterkom dat daar 'n werklike gesprek binne jou plaasvind (Die klein stemmetjie binne jou). Gesels oor die oortreding en gaan dan in gebed tot VADER daaroor, en voel die verligting en satisfaksie daarna. YAHUSHA het jou klaar vergeef (deur die outoriteit wat HY by VADER ontvang het) toe jy dit met Hom die saak bespreek het.

Met daardie gevoel weet jy dat jy die regte ding gedoen het. Loof en prys VADER in jou gebed met HOM. Sê dankie vir die voorreg en geleentheid dat HY SY Seun YAHUSHA en die boodskappers verleen het.

Ns: Wat onthou moet word om te groei in die gees is om te vergeef en so ook om te kan vergeet. Dus die bron van groei is YAHUSHA wat binne in jou moet wees en jou opvoed tot reinheid om gereeld in gebed voor VADER te kan verskyn.